LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief



GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 25/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...12 dae sonder water

Hoe lekker is dit nie om weer water in die krane te hê nie. Snaaks hoe ons weer vinnig waardering kry vir iets wat ons oor die algemeen as alledaags beskou. Ons besef dat toegang tot skoon water 'n basiese mensereg is. Tog het ons soms 'n wekroep nodig om ons daaraan te herinner dat skoon water ook 'n voorreg is. Miljoene mense wêreldwyd het nie die luuksheid van toegang tot skoon en veilige drinkwater nie. 1 Tessalonisense 5:18 leer ons, "Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van ons verwag." Moet ek dankbaar wees in alle omstandighede? Selfs al het ek vir 12 dae nie water nie? Selfs as my enigste voertuig breek en my kwaai werkgewer my nie verstaan nie? Die antwoord wat ons moeilik verstaan is dat ons dankbaar moet wees. Dankbaar in alle omstandighede. Is dit maklik? Verseker nie! Wanneer ons moeilike omstandighede beleef en sukkel om dankbaar te wees, moet ons dan nie met God eerlik wees hieroor en ons hart uitstort nie? Heer, ek weet ek moet dankbaar wees, maar my omstandighede maak dit baie moeilik. Ons het 12 dae geen water gehad nie, ons kan nie was nie, ons sukkel om kos te maak en ons kan nie toilette spoel nie. Wat wil u vir my leer? Maak u wil aan my bekend sodat ek nader aan u kan beweeg. Ek het weereens geleer, pas dit op wat jy het, moenie gawes wat jy het as vanselfsprekend aanvaar nie. Ek moes die waarde van water in my krane besef. Indien 12 dae sonder water nodig was om my die les te leer, is dit ook goed so. God belowe nooit maklike tye nie, Hy belowe wel Hy sal tot ons nader as ons tot Hom nader.

## Goegieland

**FUNKY HOEDE-DAG -** Baie dankie vir almal se ongelooflike moeite met Funky Hoede-dag! Dit was heerlik om al die kreatiewe hoede te sien. Ons Goegies het beslis bewys dat daar geen tekort aan verbeelding in Goegieland is nie – van blink, kleurvolle hoede tot uitspattige skeppings wat sommer enige modevertoning sou laat kop draai!

**7 AUGUSTUS 2026 LANGNAWEEK -** Die skool sluit op Vrydag, 7 Augustus 2026 om 12:00. Neem asseblief kennis dat Maandag, 10 Augustus 2026 'n publieke vakansiedag is aangesien Vrouedag vanjaar op 'n Sondag val.

**12 & 13 AUGUSTUS 2026 PLAASDIERE INSTAPPIE -** Ons herinner ouers aan ons Plaasdiere-instappie wat op 12 en 13 Augustus 2026 plaasvind. Hou asseblief die Karri-toep dop vir die betalings-portaal en verdere inligting. Ons sien uit na twee opwindende dae waar ons plaasdiere gaan voer, vashou en selfs perdry!

Baie dankie vir julle voortdurende ondersteuning en betrokkenheid.

Groete uit Goegieland




## Dankbaarheid

Ons word behoorlik deur God uit ons sokkies geseën! Ons is baie dankbaar om Goedehopers te wees!



## Skool sluit Vrydag, 7 Augustus 2026 om 12:00 vir die langnaweek.

## Week se Program

### 3 Augustus 2026

- Krieketliga o/9 vs LS HM Swart (Weg)

### 4 Augustus 2026

- Hokkieliga D o/10 tot o/13 vs Laerskool Secunda

### 5 Augustus 2026

- Hokkieliga S o/13 vs Curro
- Hoëveldgroep Koorfees Juniors
- Landloop te LS TP Stratten
- Redenaars ATKV Finaal

### 6 Augustus 2026

- Hokkieliga D o/10 tot o/13 vs Laerskool Oranjegloed

### 7 Augustus 2026

- Krieketproewe Gert Sibande o/13
- Skaakliga Govan Mbeki Rookies
- Trompoppies te Wieleskou

### 3 tot 7 Augustus 2026

- Eisteddfod Dans

# Drama

Eisteddfod - Baie sterkte aan ons dansers wat volgende week aan die Highveld Ridge Eisteddfod deelneem. Ons weet dit sal goed gaan.
Dramaklub - Baie sterkte aan die volgende leerders wat 1 tot 3 Augustus 2026 aan die Allegretto Interprovinsiale Eisteddfod deelneem. Ons is baie trots op julle en weet dat julle harde werk goeie resultate sal oplewer.

Zetcke Soule
Melanri Hammond
Steyn van Onselen
Evalt Vermaas
Donné Pretorius
Hanlie Pendlebury
Rhynardt Blignaut
Mia van der Merwe
Luka Breytenbach
Wessel Vermaas
Mia-Né Smit
Simon Mostert
Janke Pendlebury
Kaitlyn Shackleford
Linay Hartzer
Melandie Faber
Manuela Neto
Calita Cornelissen
Leané Luddick




# Kuns Eisteddfod

Die kunsklasse word by Juffrou Carin Baard aangebied in K26. Dit is vir leerders wie vir die kuns ingeskryf is. Hierdie leerders is welkom om op die volgende datums te kom vir hulp met die beplanning en voltooïng van hul kunswerke.

Kunsklasdatums is as volg:
11 Augustus 2026
13 Augustus 2026
18 Augustus 2026
20 Augustus 2026
Tye: 14:00 tot 15:00 **EN** 15:00 tot 16:00

Leerders wat belangstel moet 'n inskrywingsvorms by Juffrou Carin Baard afhaal. Dit moet voor of op 5 Augustus 2026 ingehandig word. Geen koste is aan die klasse verbonde nie.

**ONTHOU!** Alle voltooide werke moet op 27 Augustus 2026 by die SK- en KK -personeel ingehandig word.






| 3 Aug | 4 Aug | 5 Aug | 6 Aug | 7 Aug | 8 Aug | 9 Aug |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mia v Zyl<br>Emma Herbst<br>Estian Loots<br>Leah Botes | Hendro Bezuidenhout<br>Jayden Button | Chloé Saunders | Clara Boshoff<br>Wihan Meintjes<br>Zack Coetzer | Luchelle Liebenberg<br>Jaylene Greeff | Janco Fourie | Olivia Venter |

# Bergfiets

Ons fietsryers het Saterdag, 25 Julie 2026, die wedren met waagmoed en durf aangepak. HS Ligbron se baan het vir baie opwinding gesorg. Die ouers was oral en alle fietsryers word aangemoedig langs die baan, ongeag watter skool jy verteenwoordig. Daar was vele oorwinnings, onder andere eerstes. Party het vir die eerste keer al die rondtes voltooi. Party het vir die eerste keer 'n derde, tweede of selfs 'n eerste plek behaal! Ons skool doen verskriklik goed en ons is in ons noppies met al die maats wat so mooi groei! Wel gedaan, Goedehopers! Baie geluk aan die volgende leerders wat podiumplekke behaal het, sowel as die leerders wat in die Top 10 geëindig het!







**Sub-Nipper Seuns (o/6 tot o/8)**

Francois du Plessis - 8ste
Henry Jacobs - 17de
Toerien Meyer - 20ste
Wiandré Rossouw - 31ste
Ruwan v.d. Berg - 35ste
Zayden Fouché - 41ste
Vincent Moffett - 44ste
Evalt Vermaas - 53ste
Kylo Kock - 54ste
Jandré J.v. Vuuren - 65ste

**Sub- Nipper Dogters (o/6 tot o/8)**

Danél v.d. Walt - 18de

**Nipper Seuns (o/9)**

Tristan van Schalkwyk - 13de
Victor v.d. Walt - 16de

**Nipper Dogters (o/9)**

Gabriella Matthee - 2de

**Nipper Seuns (o/10)**

Stephen Mouton - 3de
Erik du Plessis - 4de
Stian Storm - 5de
Janco Kruger - 6de
Zayden Borstlap - 21ste
Xander Vermaak - 24ste

**Nipper Dogters (o/10)**

Wiané v.d. Berg - 1ste
Karlienke Koekemoer - 6de
Tracy Booyens - 9de

**Sprog Seuns (o/11)**

Sion Hattingh - 9de
Jan-Roux J.v. Vuuren - 18de

**Sprog Dogters (o/11)**

Karina Erasmus - 5de
Mia McKenzie - 10de
Ilinche Schépers - 15de

**Sprog Dogters (o/12)**

Marisa Mouton - 3de
Mikayla Booyens - 6de
Marli Potgieter - 9de

**Sub- Junior Seuns (o/13)**

Sebastiaan Matthee - 4de
Johannes Erasmus - 11de
Carter Brown - 13de
Mattias Viljoen - 20ste
Brandt du Plessis - 23ste

# Skaak

Baie geluk aan ons Skaak Dogterspan wat op Vrydag, 24 Julie 2026 by Laerskool Leandra 3de geëindig het tydens die Hoëveldgroep Skaaktoernooi.



















# Rugby Pumas 7's

RUGBY - Baie geluk aan Lucan Lessing en HW Meyer wat gekies is vir die o/12B-Pumas 7's-rugbyspan. Ons is baie trots op julle!






# Netbal



Laerskool Goedehoop se o/12A-netbalspan het die afgelope naweek by HTS Middelburg 'n uitsonderlike prestasie behaal deur as die vierde beste o/12A-netbalspan in Suid-Afrika te eindig. Die span het gedurende die toernooi uitstekende karakter, deursettingsvermoë en spanwerk getoon en hulself met trots teen van die land se sterkste skole gehandhaaf. Om onder die top vier spanne in Suid-Afrika te eindig, is 'n merkwaardige prestasie wat getuig van maande se harde werk, toewyding en opoffering deur die spelers, afrigters en ouers. Hierdie prestasie is nie net 'n hoogtepunt vir die span nie, maar ook vir Laerskool Goedehoop en die hele Secunda-gemeenskap. Dit bevestig weer eens die hoë standaard van sport by die skool en die uitstekende ontwikkeling van jong sporttalent. Ons is ongelooflik trots op elke speler wat met passie, dissipline en vasberadenheid gespeel het. Julle het Laerskool Goedehoop op die grootste verhoog in Suid-Afrika met trots verteenwoordig. Laerskool Goedehoop wens die spelers, afrigters en almal wat tot hierdie besonderse prestasie bygedra het, hartlik geluk. Julle het geskiedenis gemaak en bewys dat harde werk en spanwerk groot drome kan laat waar word. Baie geluk, dogters – julle is ware ambassadeurs van Goedehoop!

# Eerste Hokkiespan

Baie geluk aan die volgende spelers wat vir Laerskool Goedehoop se Eerste Hokkiespan vir 2026 gekies is. Julle toewyding, harde werk en deursettingsvermoë het vrugte afgewerp, en ons is trots op elkeen van julle. Ons wens die span en afrigters 'n suksesvolle en geseënde seisoen toe. Mag julle elke wedstryd met entoesiasme, spanwerk en trots aanpak terwyl julle die blou, oranje en wit van Goedehoop met waardigheid verteenwoordig. Baie geluk, ons is ongelooflik trots op julle!

## Dogters Eerstes






































## Seuns Eerstes





































# Dans IDT

Baie geluk aan die volgende dansers wat tydens die afgelope IDT's uitstekend presteer het!

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Zeah Joubert (Gr. 1) | - | 6de | - | Rhythm & Movement |
| Jane du Preez (Gr. 3) | - | 2de | - | Latin |
| Janille Kgwadi (Gr. 3) | - | 5de | - | Rhythm & Movement |
| Aiden Steyn (Gr. 4) | - | 5de | - | Ballroom Leaders |
| Kenzie Gouws (Gr. 5) | - | 4de | - | Latin |
| Janeke du Plessis (Gr. 5) | - | 5de | - | Rhythm & Movement |
| | - | 1ste | - | Ballroom Leaders |
| Larissa Rynders (Gr. 5) | - | 5de | - | Ballroom Followers |
| Kiani de Beer (Gr. 5) | - | 4de | - | Ballroom Followers |
| Kaitlyn Shackleford (Gr. 6) | - | 1ste | - | Ballroom Leaders |
| Luan Vosloo (Gr. 6) | - | 5de | - | Ballroom Leaders |
| Melandie Faber (Gr. 6) | - | 2de | - | Rhythm & Movement |
| | - | 3de | - | Latin |
| | - | 2de | - | Ballroom Followers |
| Zoe-Jane Steyn (Gr. 6) | - | 6de | - | Rhythm & Movement |
| | - | 5de | - | Latin |
| | - | 2de | - | Ballroom Leaders |
| Linay van der Walt (Gr. 6) | - | 5de | - | Ballroom Followers |
| Mikayla Smit (Gr. 7) | - | 4de | - | Ballroom Followers |
| Chantéy du Plessis (Gr. 7) | - | 4de | - | Ballroom Leaders |












# Krieket

Die afgelope week het ons krieketspanne teen Laerskool JJ van der Merwe kragte gemeet, met uitstekende vertonings deur verskeie van ons spelers. Ons o/11-span het 'n spannende oorwinning van 6 paaltjies behaal nadat hulle JJ van der Merwe vir 117 uitgeboul het. Ben-Paul Botha was die uitblinker met 'n uitstekende boulvertoning van 5 paaltjies vir 22 lopies in 4,2 boulbeurte. Die o/12-span het 'n indrukwekkende oorwinning van 175 lopies behaal nadat hulle 'n reuse-totaal van 232/3 aangeteken het. HW Meyer het met 'n briljante 107 van 78 balle, nie uit nie, die kolfwerk geanker, terwyl AJ van der Merwe met die bal uitgeblink het deur 5 paaltjies vir slegs 12 lopies in 4 boulbeurte te neem. Ons o/13-span het ook hul wedstryd gewen met 32 lopies. Daantjie Lesch het 'n skitterende 107 van 77 balle, nie uit nie, aangeteken, terwyl Jayden van Aswegen waardevolle ondersteuning gebied het met 75 lopies van 54 balle. Hoewel ons o/9- en o/10-spanne hierdie keer die knie moes buig, het hulle waardevolle wedstrydervaring opgedoen en met groot toewyding en sportmansgees meegeding. Baie geluk aan al ons spelers en afrigters met die puik vertonings. Julle harde werk, deursettingsvermoë en trots waarmee julle die blou en oranje dra, maak ons besonder trots. Sterkte met die res van die seisoen!












# Eerste Krieketspan

Baie geluk aan die volgende spelers wat vir Laerskool Goedehoop se Eerste Krieketspan vir 2026 gekies is. Julle harde werk, deursettingsvermoë en toewyding is beloon, en ons sien uit na 'n opwindende seisoen waarin julle ons skool met trots sal verteenwoordig. Ons wens elke speler en die afrigters alle sterkte toe vir die seisoen wat voorlê. Speel met passie, geniet elke oomblik en dra die Goedehoop-gees met trots uit! Baie geluk, ons is trots op julle!


























# Hokkie

Ons seunshokkiespanne het op Vrydag, 24 Julie 2026 teen TP Stratten Primary kragte gemeet. Hoewel die uitslae nie hierdie keer in ons guns was nie, het ons spelers deurgaans deursettingsvermoë, sportmangees en karakter op die veld getoon. Die uitslae was as volg: o/11 verloor 2–0, o/12 verloor 7–0 en o/13 verloor 2–1. Baie geluk aan elke speler wat Goedehoop met trots verteenwoordig het. Ons sien uit na die volgende wedstryde!

## Hokkie Spelers van die Wedstryd – 20 tot 25 Julie 2026



















































LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal